

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

R1-00 Tuesday 1 October 1985 WINDHOEK Dinsdag 1 Oktober 1985 No. 5104

CONTENTS:

INHOUD:

Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

No. 81 Promulgation of Academy Act, 1985 (Act 9 of 1985), of the National Assembly. 1

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 81 Afkondiging van Akademiewet, 1985 (Wet 9 van 1985), van die Nasionale Vergadering. 1

Government Notice

Goewermentskennisgewing

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 81 1985

No. 81 1985

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation:—

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie:—

No. 9 of 1985: Academy Act, 1985

No. 9 van 1985: Akademiewet, 1985

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 20 September 1985)

ACT

To reconstitute the Academy for Tertiary Education, established by Act 13 of 1980, with a greater degree of autonomy and under the name of "the Academy"; to extend its powers in order that it may organize portions as a university, college, technicon, institute, or similar body and that it may itself award degrees, diplomas and certificates; to provide for the management and control of its affairs; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates -

- (i) "Academy" means the Academy originally established as the Academy for Tertiary Education by the Academy for Tertiary Education Act, 1980 (Act 13 of 1980), as now reconstituted by this Act under the name of "the Academy"; (i)
- (ii) "board of studies" means the board of studies of the Academy referred to in section 12; (x)
- (iii) "council" means the council of the Academy referred to in section 10; (v)
- (iv) "education or other institution" means the government, administration, department, university, private institution or other authority by which or under the control of which tertiary education or out of school training is provided or which in terms of any law is competent to provide such education and training; (iv)
- (v) "out of school training" means any course of vocational instruction and training which is intended for persons who are not subject to compulsory school attendance in terms of any law or who are exempted from compulsory school attendance; (ii)
- (vi) "rector" means the rector of the Academy appointed under section 8; (vii)
- (vii) "regulation" means a regulation made by the Cabinet in terms of section 39; (vi)

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 20 September 1985)

WET

Om die Akademie vir Tersiêre Onderwys, ingestel by Wet 13 van 1980, her saam te stel met 'n groter mate van outonomie en met die naam "die Akademie"; om sy bevoegdhede uit te brei sodat hy gedeeltes as 'n universiteit, kollege, teknikon, instituut of soortgelyke liggaam kan organiseer en self grade, diplomas en sertifikate kan toeken; om voorsiening te maak vir die bestuur en beheer van sy sake; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken Woordomskrywing.

- (i) "Akademie" die Akademie oorspronklik ingestel as die Akademie vir Tersiêre Onderwys deur die Wet op die Akademie vir Tersiêre Onderwys, 1980 (Wet 13 van 1980), en soos nou deur hierdie Wet hersaamgestel met die naam "die Akademie"; (i)
- (ii) "buiteskoolse opleiding" enige kursus van beroepsonderig en -opleiding wat bedoel is vir persone wat nie aan skoolplig ingevolge die een of ander wet onderworpe is nie of wat van skoolplig vrygestel is; (v)
- (iii) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (x)
- (iv) "onderwys- of ander instelling" die regering, administrasie, departement, universiteit, privaat instelling of ander owerheid waardeur of onder die beheer waarvan tersiêre onderwys of buiteskoolse opleiding verskaf word of wat ingevolge die een of ander wet bevoeg is om sodanige onderwys en opleiding te verskaf; (iv)
- (v) "raad" die raad van die Akademie in artikel 10 bedoel; (iii)
- (vi) "regulasie" 'n regulasie deur die Kabinet ingevolge artikel 39 uitgevaardig; (vii)
- (vii) "rektor" die rektor van die Akademie kragtens artikel 8 aangestel; (vi)

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

(viii) "senate" means the senate of the Academy referred to in section 11; (viii)

(ix) "statute" means the statute of the Academy referred to in section 38 and the rules made under the statute; (ix)

(x) "territory" means the territory of South West Africa; (x)

(xi) "tertiary education" means any course of instruction or training, or instruction and training of a standard which is higher than the standard ordinarily required for an examination for the tenth standard or comparable equivalent thereof. (xi)

Academy to remain a body corporate but to undergo a change of name.

2. (1) (a) The Academy for Tertiary Education, established by section 2 of the Academy for Tertiary Education Act, 1980 (Act 13 of 1980), shall notwithstanding the repeal of the said Act remain in existence as a body corporate bearing the name of "the Academy."

(b) The Registrar of Companies shall make an entry in his registers of the said change of name.

(2) (a) All immovable and movable property of the Academy for Tertiary Education, established by section 2 of the Academy for Tertiary Education Act, 1980 (Act 13 of 1980), and every right and every obligation acquired by the said Academy for Tertiary Education, shall as from the commencement of this Act be the immovable or movable property, the right or the obligation of the Academy referred to in this Act.

(b) The Registrar of Deeds shall make an entry of the said change of name on each relevant title deed or registrable document in his possession or under his control.

Seat of Academy.

3. Windhoek shall be the seat of the Academy, but it may conduct its activities also at such other places as the Cabinet, on recommendation of the council, may approve.

Objects, constitution, rights, powers, privileges and duties of Academy.

4. (1) The Academy shall exist for such purposes, shall be so constituted, and shall have such rights, powers, privileges and duties as are provided for in this Act.

(2) The Academy may -

(a) in its own name sue or be sued in law;

(b) subject to the provisions of this Act, purchase or in any other manner acquire, possess, rent, let, sell, exchange or otherwise alienate movable and immovable property, grant

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

- (viii) "senaat" die senaat van die Akademie in artikel 11 bedoel; (viii)
- (ix) "statuut" die statuut van die Akademie in artikel 38 bedoel en die reglemente kragtens die statuut uitgevaardig; (ix)
- (x) "studieraad" die studieraad van die Akademie in artikel 12 bedoel; (ii)
- (xi) "tersiêre onderwys" enige kursus van onderrig of opleiding, of onderrig en opleiding, van 'n peil wat hoër is as die peil wat gewoonlik vir 'n eksamen vir die tiende standaard, of vergelykbare ekwivalent daarvan, vereis word. (xi)
2. (1) (a) Die Akademie vir Tersiêre Onderwys, ingestel by artikel 2 van die Wet op die Akademie vir Tersiêre Onderwys, 1980 (Wet 13 van 1980), bly, ondanks die herroeping van bedoelde Wet, voortbestaan as 'n regspersoon met die naam "die Akademie".
- (b) Die Registrateur van Maatskappye teken bedoelde naamsverandering in sy registers aan.
- (2) (a) Alle onroerende en roerende eiendom van die Akademie vir Tersiêre Onderwys, ingestel by artikel 2 van die Wet op die Akademie vir Tersiêre Onderwys, 1980 (Wet 13 van 1980), en elke reg en elke verpligting verkry of aangegaan deur bedoelde Akademie vir Tersiêre Onderwys, is vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet die onroerende of roerende eiendom, die reg of die verpligting van die Akademie bedoel in hierdie Wet.
- (b) Die Registrateur van Aktes teken bedoelde naamsverandering op elke toepaslike titelakte of registreerbare stuk in sy besit of onder sy beheer aan.
3. Windhoek is die setel van die Akademie maar hy kan sy bedrywighede ook op die ander plekke uitoefen wat die Kabinet op aanbeveling van die raad bepaal.
4. (1) Die Akademie bestaan vir die doeleindes, is saamgestel op die wyse en het die regte, bevoegdhede, voorregte en pligte waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word.
- (2) Die Akademie kan -
- (a) in eie naam as eiser en verweerder in regte optree;
- (b) behoudens die bepalings van hierdie Wet, roerende en onroerende goed koop of op 'n ander wyse verkry, besit, huur, verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem, 'n

Akademie bly as 'n regspersoon voortbestaan maar ondergaan 'n naamsverandering.

Setel van Akademie.

Oogmerke. samestelling, regte, bevoegdhede, voorregte en pligte van Akadem.e.

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

a real right or servitude on its property to anyone and invest, lend or borrow money: Provided that the Academy may not, without the prior approval of the Cabinet, borrow money or sell, exchange or in any way alienate the immovable property belonging to the Academy, or grant a real right or servitude thereon;

(c) perform any act that bodies corporate may in law perform.

Constitution of Academy.

5. The Academy shall consist of -

- (a) a chancellor;
- (b) a rector, who shall also be the vice-chancellor of the Academy;
- (c) a vice-rector or vice-rectors;
- (d) a council;
- (e) a senate;
- (f) a board of studies;
- (g) a convocation;
- (h) a registrar or registrars; and
- (i) the staff and students of the Academy.

Chancellor of Academy.

6. (1) The Chancellor of the Academy shall be elected by the council for a period of five years in the manner prescribed by the statute.

(2) If the office of chancellor becomes vacant, the council shall elect a new chancellor, who shall hold office for a period of five years, unless before the expiration of that period he dies or submits to the council his resignation in writing or is, at the request of the council, removed from office by the Cabinet for any reason which the Cabinet deems sufficient.

(3) The powers, privileges, functions and duties of the chancellor shall be as prescribed by the statute.

Vice chancellor of Academy.

7. The vice-chancellor of the Academy shall, in the absence of the chancellor or when the chancellor is unable to do so, perform all duties and functions appertaining to the office of chancellor, and shall also perform such other duties as are assigned to him by this Act or by the statute.

Rector of Academy.

8. The rector of the Academy shall, after consultation with the senate and the board of studies, be appointed by the council, and his powers and functions shall be prescribed by the statute: Provided that at least two-thirds of the votes at the meeting where a rector is to be appointed shall be in favour of the appointment.

Vice rector of Academy.

9. One or more vice-rectors may, after consultation with the senate and the board of studies, be appointed by the council and any vice-rector's powers and duties shall be as determined by the council.

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

saaklike reg of serwituut op sy goed aan iemand verleen en geld belê, uitleen en leen: Met dien verstande dat die Akademie nie sonder die voorafverkreë goedkeuring van die Kabinet geld mag leen of onroerende goed wat aan die Akademie behoort mag verkoop, verruil, of op 'n ander wyse vervreem of 'n saaklike reg of serwituut daarop verleen nie;

- (c) enige ander handeling verrig wat regspersone regtens kan verrig.

5. Die Akademie bestaan uit -

Samestelling van Akademie.

- (a) 'n kanselier;
- (b) 'n rektor wat ook die vise-kanselier van die Akademie is;
- (c) 'n vise-rektor of vise-rektore;
- (d) 'n raad;
- (e) 'n senaat;
- (f) 'n studieraad;
- (g) 'n konvokasie;
- (h) 'n registrateur of registrateurs; en
- (i) die personeel en studente van die Akademie.

6. (1) Die kanselier van die Akademie word vir 'n tydperk van vyf jaar deur die raad gekies op die wyse deur die statuut voorgeskryf.

Kanselier van die Akademie.

(2) Indien die amp van kanselier vakant raak, kies die raad 'n nuwe kanselier wat sy amp vir 'n termyn van vyf jaar bekleed tensy hy voor die verstryking van die termyn sterf of skriftelik sy bedanking by die raad indien of op versoek van die raad deur die Kabinet afgesit word om 'n rede wat die Kabinet voldoende ag.

(3) Die bevoegdhede, voorregte, funksies en pligte van die kanselier is die wat die statuut voorskryf.

7. Die vise-kanselier van die Akademie vervul tydens die afwesigheid van die kanselier of wanneer die kanselier nie in staat is om dit te doen nie, al die pligte en funksies wat by die amp van kanselier behoort, en vervul ook die ander pligte wat deur hierdie Wet of die statuut aan hom opgedra word.

Vise-kanselier van die Akademie.

8. Die rektor van die Akademie word, na oorlegpleging met die senaat en die studieraad, deur die raad aangestel en sy bevoegdhede en funksies is dié wat die statuut voorskryf; Met dien verstande dat minstens twee-derdes van die stemme op die vergadering waar 'n rektor aangestel moet word ten gunste van die aanstelling moet wees.

Rektor van die Akademie.

9. Die raad kan een of meer vise-rektore, na oorlegpleging met die senaat en die studieraad, aanstel en sy of hulle bevoegdhede en pligte is soos die raad bepaal.

Vise-rektor van die Akademie.

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

Council of Academy.

10. (1) Subject to the provisions of this Act the government and the executive authority of the Academy shall be vested in the council, which shall consist of -

- (a) the rector;
- (b) three persons appointed by the Cabinet;
- (c) one person designated by the council to represent the convocation;
- (d) one representative designated by the senate;
- (e) one representative designated by the board of studies;
- (f) one person designated by the municipality of Windhoek;
- (g) one person designated by the council to represent the donors;
- (h) two persons appointed by the Cabinet on the recommendation of the council.

(2) A member of the council, other than the rector, shall hold office for a period of three years but may, when his period of office has expired, again be appointed or, as the case may be, designated.

(3) A member of the council shall vacate his office -

(a) if he is convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine; or

(b) if he, by writing under his hand, addressed to the rector, resigns from his office as member; or

(c) if he is detained as a mentally ill person under any law; or

(d) if his appointment is withdrawn by the Cabinet or, as the case may be, the body who designated him.

(4) A casual vacancy in the council caused by the death of the vacation of office of any member, shall, with due regard to the provisions of subsection (1), be filled for the unexpired portion of the period of office of the member who has died or vacated his office.

(5) The council shall elect one of its members as chairman who shall hold his office as chairman for his period of office as member of the council but who, if he is again appointed or designated as member of the council, may again be elected as chairman.

(6) The chairman of the council shall preside at a meeting thereof, and if the chairman is absent from or does not preside at a meeting, the members present shall elect from among their number one to act as chairman at that meeting.

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

10. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet berus die bestuur en uitvoerende mag van die Akademie by die raad, wat bestaan uit -

Raad van die Akademie.

- (a) die rektor;
- (b) drie persone deur die Kabinet aangestel;
- (c) een persoon deur die raad aangewys om die konvokasie te verteenwoordig;
- (d) een verteenwoordiger deur die senaat aangewys;
- (e) een verteenwoordiger deur die studieraad aangewys;
- (f) een persoon deur die munisipaliteit van Windhoek aangewys;
- (g) een persoon deur die raad aangewys om die donateurs te verteenwoordig; en
- (h) twee persone deur die Kabinet aangestel op aanbeveling van die raad.

(2) 'n Lid van die raad, behalwe die rektor, beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar, maar kan by die verstryking van sy amps-termyn weer aangestel of, na gelang van die geval, aangewys word.


(3) 'n Lid van die raad ontruim sy amp -

- (a) indien hy aan 'n misdryf skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word; of
- (b) indien hy, deur 'n bedankingsbrief deur hom onderteken en aan die rektor gerig, as lid bedank; of
- (c) indien hy ingevolge 'n wet as 'n geestesongestelde persoon aangehou word; of
- (d) indien sy aanstelling deur die Kabinet of, na gelang van die geval, die liggaam wat hom aangewys het, ingetrek word.

(4) 'n Toevallige vakature in die raad wat deur die dood of ampsontruiming van 'n lid ontstaan, word, met inagneming van die bepalings van subartikel (1), gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid wat oorlede is of sy amp ontruim het.

(5) Die raad kies een van sy lede as voorsitter wat die amp van voorsitter beklee vir die tydperk van sy termyn as lid van die raad maar wat, indien hy weer as lid van die raad aangestel of aangewys word, weer as voorsitter verkies kan word.

(6) Die voorsitter van die raad sit voor op 'n vergadering daarvan, en indien die voorsitter van 'n vergadering afwesig is of nie voor sit nie, kies die aanwesige lede een uit hul geledere om op daardie vergadering as voorsitter waar te neem.



Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

(7) The quorum and the procedure of meetings of the council shall be prescribed by the statute.

(8) The council shall administer all the property of the Academy and, except as specifically provided in this Act, shall have the general control of the Academy and of all its affairs and functions and may, subject to the provisions of this Act, do anything which the Academy as such is by law authorized to do.

(9) The council may appoint committees of the council consisting of members of the council or of members of the council as well as other persons, and may delegate any of its powers and duties to a committee appointed from among its members or to any officer of the Academy.

(10) In appointing or designating, under subsection (1), any person as a member of the council preference shall be given to a person who is ordinarily resident in the territory and who is in possession of an identity document issued under section 3 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979).

Senate of Academy.

11. (1) The senate of the Academy shall consist of -

- (a) the rector, who shall be chairman;
- (b) the vice-rector or vice-rectors;
- (c) two members of the council (other than the rector) designated by the council;
- (d) all professors of the Academy;
- (e) other lecturers of the Academy who are deans of faculties, chairmen of curriculum groups or heads of departments for tertiary education, which are recognized by the council for the purpose of representation on the senate;
- (f) two members of the board of studies designated by the board of studies;
- (g) the head of the library;
- (h) representatives of other education institutions and such other persons as the council may, on the recommendation of the senate, designate.

(2) A member of the senate designated in terms of subsection (1)(c), (f) and (h) shall hold office for the period prescribed by the statute.

(3) Subject to financial control by the council, the organization and control over all the tertiary curricula, instruction, examinations and research of the Academy shall be vested in the senate in accordance with the rules to be framed by the senate, and the requirements for the obtaining of a degree or a tertiary diploma or certificate shall be determined by the council on the recommendation of the senate.

(4) The senate shall submit to the council from time to time -

- (a) reports upon its work;
- (b) recommendations as to matters it deems expedient;
- (c) recommendations as to any matters referred to it by the council.

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

(7) Die kworum en prosedure op vergaderings van die raad, word deur die statuut voorgeskryf.

(8) Die raad beheer al die eiendom van die Akademie, en behalwe soos deur hierdie Wet in die besonder bepaal word, oefen hy algehele beheer uit oor die Akademie en al die sake en werksaamhede daarvan en kan behoudens die bepalings van hierdie Wet enigiets doen wat die Akademie as sodanig by wet gemagtig word om te doen.

(9) Die raad kan komitees van die raad instel wat uit raadslede of sowel uit raadslede as ander persone bestaan en hy kan enige van sy bevoegdhede en pligte deleger aan 'n komitee deur hom uit sy lede benoem of aan enige amptenaar van die Akademie.

(10) By die aanstelling of aanwysing van 'n persoon as lid van die raad kragtens subartikel (1) moet voorkeur gegee word aan 'n persoon wat sy gewone verblyf in die gebied het en wat in besit is van 'n identiteitsdokument kragtens artikel 3 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979), uitgereik.

11. (1) Die Senaat van die Akademie bestaan uit -

Senaat van Akademie.

- (a) die rektor, wat die voorsitter is;
- (b) die vise-rektor of vise-rektore;
- (c) twee lede van die raad (behalwe die rektor) wat deur die raad aangewys word;
- (d) alle professore van die Akademie;
- (e) ander lektore van die Akademie wat dekane van fakulteite, voorsitters van leerganggroepe of hoofde is van departemente vir tersiêre onderwys, wat deur die raad vir doeleindes van verteenwoordiging in die senaat erken word;
- (f) twee lede van die studieraad deur die studieraad aangewys;
- (g) die hoof van die biblioteek;
- (h) verteenwoordigers van ander onderwysinstellings en dié ander persone wat die raad op aanbeveling van die senaat mag aanwys.

(2) 'n Lid van die senaat ingevolge subartikel 1(c), (f) en (h) aangewys, beklee sy amp vir die termyn wat deur die statuut voorgeskryf word.

(3) Onderworpe aan die finansiële beheer van die raad berus die organisasie van en beheer oor al die tersiêre leerplanne, - onderrig, - eksamens en -navorsing van die Akademie by die senaat ooreenkomstig die reëls wat die senaat uitvaardig, en word die vereistes vir die verwerwing van 'n graad of 'n tersiêre diploma of sertifikaat deur die raad, op aanbeveling van die senaat, bepaal.

- (4) Die senaat moet van tyd tot tyd -
- (a) verslae oor sy werksaamhede;
 - (b) aanbevelings betreffende aangeleenthede wat hy dienstig ag; en
 - (c) aanbevelings betreffende aangeleenthede deur die raad na hom verwys,
- aan die raad voorlê.

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

(5) (i) The quorum and procedure of meetings of the senate shall be prescribed by the statute.

(ii) The place and the time at which a particular meeting of the senate is to be held, shall be determined from time to time by the senate subject to the approval of the council: Provided that the place and the time at which the first meeting of the senate is to be held, shall be determined by the council.

(iii) If the rector is not present at a meeting of the senate or does not preside, the members present shall from among themselves elect a chairman for that meeting.

(6) There shall be an executive committee of the senate, which shall be constituted in the manner prescribed by the statute.

(7) When the senate is not in session the executive committee of the senate shall be vested with all the powers and duties of the senate, but subject to the statute and to any rules, instructions or resolutions which the senate may have made, given or passed.

(8) The senate may appoint committees of the senate consisting of members of the senate or of members of the senate as well as other persons, and may delegate any of its powers and duties to any such committee or any officer of the Academy.

(9) The provisions of section 10(10) shall apply *mutatis mutandis* in relation to the designation, under subsection (1)(f) and (h) of this section, of any person as a member of the senate.

Board of studies of Academy.

12. (1) The board of studies of the Academy shall consist of -

- (a) the rector, who shall be chairman;
- (b) the vice-rector or vice-rectors;
- (c) two members of the council (other than the rector) designated by the council;
- (d) the head of the section of the Academy which provides out of school training and the tutors of the Academy who are chairmen and heads of out of school training divisions and departments, which are recognized by the council for the purpose of representation on the board of studies;
- (e) two members of the senate designated by the senate;
- (f) the head of the library; and
- (g) such other persons as the council may, on the recommendation of the board of studies, designate.

(2) A member of the board of studies designated in terms of subsection (1)(c), (e) and (g) shall hold office for the period prescribed by the statute.

(3) Subject to the provisions of the National Education Act, 1980 (Act 30 of 1980) and the financial control by the council, the organization and control over out of school curricula, instruction, examinations and research shall be vested in the board of studies in accordance with the rules of the board of studies, and the requirements for the obtaining of a qualification in out of school training shall be determined by the council on the recommendation of the board of studies.

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

- (5) (i) Die kworum en prosedure op vergaderings van die senaat, word deur die statuut voorgeskryf.
- (ii) Die plek waar en tyd wanneer 'n bepaalde vergadering van die senaat gehou moet word, word onderworpe aan goedkeuring van die raad, van tyd tot tyd deur die senaat bepaal: Met dien verstande dat die plek waar en die tyd wanneer die eerste vergadering van die senaat gehou moet word, deur die raad bepaal word.
- (iii) Indien die rektor nie op 'n vergadering van die senaat aanwesig is nie, of nie voorsit nie, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir dié vergadering.
- (6) Daar is 'n uitvoerende komitee van die senaat wat saamgestel word op die wyse deur die statuut voorgeskryf.
- (7) Wanneer die senaat nie sitting hou nie, is die uitvoerende komitee van die senaat met al die magte en bevoegdhede van die senaat bekleed, maar onderworpe aan die statuut en aan die reëls, voorskrifte of besluite wat die senaat uitgevaardig, uitgereik of geneem het.
- (8) Die senaat kan komitees van die senaat instel wat uit senaatslede of sowel uit senaatslede as ander persone bestaan, en hy kan enige van sy bevoegdhede en pligte aan so 'n komitee of aan enige amptenaar van die Akademie deleger.
- (9) Die bepalinge van artikel 10(10) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die aanwysing van 'n persoon as lid van die senaat kragtens subartikel (1)(f) en (h) van hierdie artikel.

12. (1) Die studieraad van die Akademie bestaan uit -

Studieraad van die Akademie.

- (a) die rektor, wat die voorsitter is;
- (b) die vise-rektor of vise-rektore;
- (c) twee lede van die raad (behalwe die rektor) wat deur die raad aangewys word;
- (d) die hoof van die gedeelte van die Akademie wat buiteskoolse opleiding verskaf en die dosente van die Akademie wat voorsitters en hoofde is van buiteskoolse opleidingsafdelings en -departemente wat deur die raad vir doeleindes van verteenwoordiging in die studieraad erken word;
- (e) twee lede van die senaat deur die senaat aangewys;
- (f) die hoof van die biblioteek; en
- (g) die ander persone wat die raad op aanbeveling van die studieraad kan aanwys.
- (2) 'n Lid van die studieraad ingevolge subartikel (1)(c), (e) en (g) aangewys, bekleed sy amp vir die termyn wat deur die statuut voorgeskryf word.

(3) Behoudens die bepalinge van die Wet op Nasionale Onderwys, 1980 (Wet 30 van 1980) en onderworpe aan die finansiële beheer van die raad, berus die organisasie van en beheer oor al die buiteskoolse leerplanne, -onderrig, -eksamens en -navorsing by die studieraad ooreenkomstig die reëls van die studieraad, en word die vereistes vir die verwerwing van 'n kwalifikasie in buiteskoolse opleiding deur die raad op aanbeveling van die studieraad bepaal.

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

(4) The board of studies shall submit to the council from time to time -

- (a) reports upon its work;
- (b) recommendations as to the matters pertaining to out of school training it deems expedient; and
- (c) recommendations as to any matters referred to it by the council.

(5) The quorum and procedure of meetings of the board of studies shall be prescribed by the statute.

(6) The place and the time at which any meeting of the board of studies shall be held, shall be determined from time to time by the board of studies, subject to the approval of the council: Provided that the place and time at which the first meeting of the board of studies is to be held, shall be determined by the council.

(7) There shall be a standing committee of the board of studies which shall be constituted in the manner prescribed by the statute.

(8) When the board of studies is not in session the standing committee of the board of studies shall be vested with all the powers and duties of the board of studies, but subject to the statute and to any rules, instructions or resolutions which the board of studies may have made, given or passed.

(9) The board of studies may appoint committees of the board of studies consisting of members of the board of studies or of members of the board of studies as well as other persons, and may delegate any of its powers and duties to any such committee or to any officer of the Academy.

Convocation of Academy.

13. (1) The convocation of the Academy shall consist of -

- (a) all persons who have obtained a tertiary qualification at the Academy, whether before or after the commencement of this Act; and
- (b) all members of the senate and the board of studies and all the other members of the permanent teaching staff:

Provided that if any person who by virtue of the provisions of paragraph (a) is or is about to become a member of the convocation, notifies the council in writing that he does not wish to remain or become such a member, he shall upon receipt of such notice by the council cease to be such a member or, as the case may be, shall not become such a member.

(2) Meetings of the convocation shall be convened and held in the manner prescribed by the statute and the convocation shall perform such functions, carry out such duties and exercise such powers as may likewise be prescribed.

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

(4) Die studieraad moet van tyd tot tyd -

- (a) verslae oor sy werksaamhede;
- (b) aanbevelings insake die aangeleenthede met betrekking tot buiteskoolse opleiding wat hy dienstig ag; en
- (c) aanbevelings betreffende aangeleenthede wat die raad na hom verwys, aan die raad voorlê.

(5) Die kworum en prosedure op vergaderings van die studieraad word deur die statuut voorgeskrif.

(6) Die plek waar en tyd wanneer 'n bepaalde vergadering van die studieraad gehou moet word, word, onderworpe aan die goedkeuring van die raad, van tyd tot tyd deur die studieraad bepaal: Met dien verstande dat die plek waar en tyd wanneer die eerste vergadering van die studieraad gehou moet word, deur die raad bepaal word.

(7) Daar is 'n dagbestuur van die studieraad wat saamgestel word op die wyse deur die statuut voorgeskrif.

(8) Wanneer die studieraad nie sitting hou nie, is die dagbestuur van die studieraad met al die magte en bevoegdhede van die studieraad bekleed, maar onderworpe aan die statuut en aan die reëls, voorskrifte of besluite wat die studieraad uitgevaardig, uitgereik of geneem het.

(9) Die studieraad kan komitees van die studieraad instel wat uit studieraadslede of sowel uit studieraadslede as ander persone bestaan en hy kan enige van sy bevoegdhede en pligte aan so 'n komitee of aan enige amptenaar van die Akademie delegeer.

13. (1) Die konvokasie van die Akademie bestaan uit -

Konvokasie van die Akademie.

(a) al die persone wat 'n tersiêre kwalifikasie aan die Akademie behaal het, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet; en

(b) alle lede van die senaat en studieraad en al die ander lede van die permanente doserende personeel:

Met dien verstande dat wanneer iemand wat ingevolge die bepalings van paragraaf (a) lid van die konvokasie is of staan te word, die raad skriftelik in kennis stel dat hy nie so 'n lid wil bly of word nie, hy by ontvangs van bedoelde kennisgewing deur die raad, ophou om so 'n lid te wees, of nie so 'n lid word nie, na gelang van die geval.

(2) Vergaderings van die konvokasie word belê en gehou op die wyse wat deur die statuut voorgeskrif word en die konvokasie verrig die werksaamhede, voer die pligte uit en oefen die bevoegdhede uit wat ingelyks voorgeskrif word.

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

Appointment, promotion
and dismissal of staff.

14. (1) Every professor, director or lecturer shall be appointed, promoted or dismissed by the council after consultation with the executive committee of the senate.

(2) Every head or tutor of an out of school training division shall be appointed, promoted or dismissed by the council after consultation with the standing committee of the board of studies.

(3) The council may appoint, promote or dismiss such administrative staff as it deems expedient in the interest of the Academy.

(4) Any member of staff who has been appointed permanently on the establishment of the Academy and is dismissed by the council, shall have a right of appeal to the Cabinet, if notice of such appeal is given to the council and the Cabinet within fourteen days after receipt by such person of the notice of dismissal.

(5) In making any appointment under this section preference shall, in the case of persons who are considered for appointment who have equal qualifications, relative merit, efficiency and suitability, be given to any person who was born in the territory or who is ordinarily resident in the territory and is in possession of an identity document issued under section 3 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979).

Conditions of service of
staff.

15. The conditions of service, salary scales and allowances of members of the staff of the Academy shall be determined by the council, and may be varied by the council when the circumstances in its opinion so require.

Establishment of faculties,
curriculum groups, divi-
sions, departments and
subjects.

16. (1) (a) Subject to the provisions of subsection (4) there shall be such faculties, curriculum groups and departments for tertiary education at the Academy as may be determined by the council on the recommendation of the senate.

(b) The senate may, in respect of any faculty or curriculum group, establish a board and may entrust to any such board any functions which the senate itself is competent to perform.

(c) A board of a faculty or curriculum group shall be constituted in the manner prescribed by the statute.

(2) (a) Subject to the provisions of subsection (4) there shall be such out of school training divisions and departments at the Academy as may be determined by the council on the recommendation of the board of studies.

(b) The board of studies may, in respect of any out of school training division, establish a board and may entrust to any such divisional board any functions which the board of studies itself is competent to perform.

(c) A divisional board shall be constituted in the manner prescribed by the statute.

AKADEMIEWET, 1985

Wet No. 9, 1985

14. (1) Elke professor, direkteur of lektor word deur die raad aangestel, bevorder of ontslaan na oorlegpleging met die uitvoerende komitee van die senaat.

Aanstelling, bevordering en ontslag van personeel.

(2) Elke hoof of dosent van 'n buiteskoolse opleidingsafdeling word deur die raad aangestel, bevorder of ontslaan na oorlegpleging met die dagbestuur van die studieraad.

(3) Die raad kan sodanige administratiewe personeel aanstel, bevorder of ontslaan as wat hy in belang van die Akademie dienstig ag.

(4) Enige personeel wat in 'n permanente hoedanigheid op die diensstaat van die Akademie aangestel is en deur die raad ontslaan word, het 'n reg van appèl na die Kabinet mits kennis van so 'n appèl gegee word aan die raad en die Kabinet binne veertien dae na ontvangs deur die betrokke persoon van die kennisgewing van ontslag.

(5) By die maak van 'n aanstelling kragtens hierdie artikel word daar, in die geval van persone wat vir aanstelling oorweeg word wat gelyke kwalifikasies, relatiewe verdienstelikheid, bekwaamheid en geskiktheid het, voorkeur gegee aan 'n persoon wat in die gebied gebore is of wat sy gewone verblyf in die gebied het en in besit is van 'n identiteitsdokument kragtens artikel 3 van die Wet op Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979), uitgereik.

15. Die diensvoorwaardes, salarisskale en toelaes van personele van die Akademie word deur die raad bepaal, en kan deur die raad gewysig word as omstandighede na sy mening dit vereis.

Diensvoorwaardes van personeel.

16. (1) (a) Behoudens die bepalinge van subartikel (4) is daar aan die Akademie die fakulteite, leergangroepe en departemente vir tersiêre onderwys wat die raad op aanbeveling van die senaat kan bepaal.

Instelling van fakulteite, leergangroepe, afdelings, departemente en vakke.

(b) Die senaat kan ten opsigte van 'n fakulteit of leerganggroep 'n raad instel en kan aan so 'n raad enige van die werksaamhede opdra wat die senaat self kan verrig.

(c) 'n Fakulteitsraad of leerganggroep word saamgestel op die wyse wat die statuut voorskryf.

(2) (a) Behoudens die bepalinge van subartikel (4) is daar aan die Akademie die buiteskoolse opleidingsafdelings en departemente wat die raad op aanbeveling van die studieraad bepaal.

(b) Die studieraad kan ten opsigte van 'n buiteskoolse opleidingsafdeling 'n afdelingsraad instel en kan aan so 'n afdelingsraad enige van die werksaamhede opdra wat die studieraad self kan verrig.

(c) 'n Afdelingsraad word saamgestel op die wyse wat die statuut voorskryf.

Act No. 9, 1985

ACADEMY ACT, 1985

(3) Subject to the provisions of subsection (4) instruction in such tertiary education and out of school training subjects shall be given at the Academy as is determined by the council on the recommendation of the senate or the board of studies, as the case may be.

(4) The prior approval of the Cabinet shall be obtained for the establishment of faculties, curriculum groups, divisions, departments and subjects, for which authorization in terms of a provision of the law had not been given by the time this Act came into operation.

Examinations.

17. (1) Every examination of the Academy in a subject for tertiary education or, subject to the provisions of subsection (3) of section 12, out of school training shall be conducted under the control of, subject to the conditions and at the places determined by the senate or the board of studies, as the case may be.

(2) The Academy may conduct any examination or test determined from time to time by the Cabinet.

Degrees, diplomas and certificates.

18. (1) The Academy may, subject to the provisions of this Act and the statute and with prior approval of the Cabinet for the institution thereof, confer all degrees and diplomas that it may deem expedient to confer.

(2) The designation of a specific degree or diploma shall be that approved by the Cabinet.

(3) Save as is provided by section 19, no degree or diploma shall be conferred by the Academy upon any person who has not attained, in an examination or other test, the prescribed standard of proficiency.

(4) Subject to the provisions of this Act, the Academy may grant a certificate to any person who has pursued a course of study provided by the Academy or to any other person who in its opinion possesses the qualifications for such a certificate.

Degrees *honoris causa*.

19. (1) Subject to the provisions of the statute, the Academy may on the resolution of the council and on the recommendation of the senate and without examination, confer a degree of doctor *honoris causa* in any faculty upon any person whom the council may deem worthy of such degree.

(2) The holder of a degree that has been conferred *honoris causa* shall not, by the fact that he has been admitted thereto, be entitled to practise any profession.

